

## Inleiding

Hoofstuk 4 van die Grondwet (artikels 59 en 72) stel 'n verpligting en verantwoordelikheid aan die Parlement om openbare toegang tot en betrokkenheid by die wetgewende - en ander prosesse van die Parlement te behartig.

## Agtergrond

As deel van 'n program vir die opbou van 'n doeltreffende Parlement vir die Mense, wat aan die behoeftes van mense gehoor gee en wat voortgedryf word deur die ideaal om 'n beter lewensgehalte vir ál die mense van Suid-Afrika te verwesenlik, het die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika 'n besluit geneem om 'n proses van stapel te stuur wat die stigting van Parlementêre Demokrasie-kantore (bekend as PDKs) in al nege provinsies tot gevolg sal hê.

Daar is tot op hede drie kantore in die volgende provinsies gestig: Limpopo, die Noord-Kaap en Noordwes, asook 'n sentrale PDK wat in die Parlement gesetel is.

## Mandaat van die PDKs

Die stigting van Parlementêre Demokrasie-kantore het dit ten doel om 'n onmiddellike en volgehoue parlementêre teenwoordigheid in ál nege provinsies in te stel, veral in dié landelike gebiede en plaaslike gemeenskappe wat 'n tekort aan hulpbronne en 'n gebrek aan dienslewering ondervind en wat

om verskeie redes buite die nasionale debatte in die samelewing én die hoofstroom openbare betrokkenheid en deelname agtergebly het.

## Oogmerke van die PDKs

- Om die Parlement se toegang, geleentheid en ruimte uit te brei ten einde direk en deurlopend in voeling te bly met die mense wat normaalweg buite die nasionale debatte in die samelewing staan.
- Om openbare deelname aan en betrokkenheid by die wetgewende prosesse en ander aktiwiteite van beide die Nasionale Vergadering (NV) en die Nasionale Raad van Provinsies (NRVP) en hul Komitees in ál nege provinsies in ooreenstemming met die strategiese plan en die kalenderjaar van die Parlement te koördineer.
- Om 'n groter vlak van doeltreffendheid, besparing en doelmatigheid met die bereiking van die gemeenskappe te verseker en om steun aan die parlementêre programme te verleen.

## Funksies van die PDKs

Ons rol is om:

- inligting oor die Parlement en sy werksaamhede te verskaf;

- openbare opleidings- en bemagtigingsprogramme oor die Parlement aan te bied;
- 'n platform aan die publiek te verskaf sodat die publiek toegang kan hê tot, betrokke kan wees by en deel kan neem aan die prosesse van die Parlement;
- steun aan die parlementêre programme te verleen;
- met ander regeringsfere te skakel en saam te werk.

## Die PDK-programme

Ons programme sluit die volgende in:

- Omgewingsverkenning;
- Werkswinkels vir die bemagtiging van belanghebbendes;
- Openbare bewustheid;
- Steun aan die parlementêre programme;
- Jaarlikse oorsigte met belanghebbendes.

## Omgewingsverkenning

Dit is 'n proses waartydens die kantoorpersoneel die betrokke gemeenskap se kwessies, behoeftes en probleme identifiseer en inligting daarvoor inwin ten einde die Parlement daarvan in kennis te stel en só te verseker dat die voorgenome oogmerke van die Parlement se programme bereik word.

## Werkswinkels vir die Bemagtiging van Belanghebbendes

Die doel van dié werksinkels is om belanghebbendes en diegene wat werksaam is in gemeenskapstrukture te bemagtig, sodat hulle die Parlement en sy wetgewende prosesse kan begryp en daarvan kennis dra ten einde hulle in staat te stel om gemeenskapskwessies wat op die Parlement betrekking het doeltreffend te behartig en ten einde op 'n betekenisvolle manier aan die parlementêre prosesse en - aktiwiteite te kan deelneem.

## Openbare Bewustheid

Dié programme bied aan lede van die publiek die geleentheid om met die Parlementslede en ander regeringsfere oor hul kwessies in gesprek te tree. Dié platform word voorts gebruik om die publiek in te lig, hul insette te behartig en terugvoering te verskaf oor aangeleenthede wat voor die Parlement dien.

## Steun aan die Parlementêre Programme

Die PDKs verleen steun aan alle parlementêre programme in die provinsies, veral aan albei huise, naamlik die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Provinsies en hul Komitees.

## Jaarlikse Oorsigte met Belanghebbendes

Die doel van die oorsigte is om aan die belanghebbendes en gemeenskappe wat saam met ons gewerk het die geleentheid te bied om terugvoering te gee en insette te lewer, wat dan gebruik sal word om ons programme aan te vul en te verbeter. Belanghebbendes van die vooropgestelde geteikende gebiede word ook uitgenooi.

## Hoe om met ons in verbinding te tree

### SENTRALE PDK

Pleinstraat 90, 2de Vloer, Kantoor 2/305, Parlement van die RSA, KAAPSTAD, 8000

T: 021 403 3373 / 8215  
F: 021 403 3118  
E: pdo-info@parliament.gov.za

### PDK LIMPOPO

One Stop Shop Centre, Ga-Matlala Thaba, 0756  
Posbus 1516, Bakone, 0746  
T: 015 227 0050/6  
F: 015 227 8900

### PDK NOORD-KAAP

Meul Singel 9, Posbus 754, Kakamas, 8870  
T: 054 431 0508  
F: 054 431 1951

### PDK NOORDWES

Ou Munisipale Gebou / Old Governors House, Phola Section, Ganyesa  
Posbus 561, Ganyesa, 8613  
T: 053 998 4262  
F: 053 998 4261



PARLIAMENT  
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PARLEMENTÊRE DEMOKRASIE- KANTORE

